OPSOMMING

Later opgestel, op versoek v. Fanie du Toit 30 Aug. 1969. H. B. Th.

## DIE BETEKENIS VAN DIE HUGENOTE

191. T. 5 (88)

(Hoofpunte uit 'n rede gelewer deur prof. H.B. Thom op die jaarlikse funksie van die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 23 Aug. 1969.)

Die Hugenote het reeds vroeg na Suid-Afrika gekom, hoofsaaklik in die jare 1688 en 1689. Hulle was omtrent honderd-en-vyftig in getal, wat op sigself maar min klink, maar as ons in gedagte hou dat hierdie getal gelykgestaan het aan ongeveer een-kwart van die destydse gevestigde vrye burgerbevolking, dan besef ons dadelik dat die getal van die Hugenote vir dié tyd aan die Kaap tog relatief groot was. Daarby het nog gekom, soos welbekend is, dat hulle oor die algemeen met verloop van tyd groot gesinne opgebou het. In die lig van hierdie feite kan 'n mens al dadelik begryp dat hulle koms na die Kaap in daardie tyd 'n belangrike gebeurtenis was; en kan 'n mens ook verwag dat hulle in die samestelling en optrede van die blanke bevolking van Suid-Afrika, histories en kultureel gesien, 'n faktor van groot belang moes word.

Laat ons 'n paar hoofpunte in verband met hulle betekenis aanstip.

Die neiging het in die verlede by sommige Suid-Afrikaners bestaan - en dit bestaan selfs vandag nog - om aan die Hugenote 'n adellike herkoms toe te skrywe. Miskien is dit daarom dat Hugenote-afstammelinge soms so gretiglik sg. Hugenote-familiewapens aankoop, wat - terloops gesê - gewoonlik glad nie as histories eg, verantwoord kan word nie. Laat ons maar dadelik baie duidelik daaroor wees: die Hugenote was toegewyde, oortuigde, hardwerkende, godsdienstige mense, maar hulle was nie edelliede nie. Ons kan met reg sê dat hulle wel edel mense was; maar hulle was nie adel nie.

As pioniers in 'n nuwe land, as bouers van 'n nuwe nasie, was hulle skitterende mense-materiaal. Al het hulle, vanweë onderdrukking en vervolging in Europa, brandarm hier aangekom, só arm dat uit die honderd-en-vyftig daar slegs vier of vyf was wat nie aan al die nodige gehelp moes word nie, was hulle vir ons land en volk 'n enorme bate. Want hulle was die soort

2./........

mense wat 'n duidelike, ernstige lewensopvatting gehad het, wat geweet het wat hulle nastreef, en wat die geeskrag besit het om pylreguit op hulle doelstellings af te gaan.

Wanneer daar oor die betekenis van die Hugenote gepraat en geskryf word, word dikwels beklemtoon dat hulle bv. praktiese mense met 'n goeie kennis van allerhande handwerke was, dat hulle hierdie handwerke in Suid-Afrika bevorder het, dat hulle vooruitstrewende landbouers was, en dat hulle veral die wingerd- en wynbou tot ontwikkeling gebring het. Hiermee kan 'n mens nie foutvind nie, want dit is volkome waar. Maar ons moet oppas om die groot betekenis van die Hugenote nie in terme van hierdie konkrete, materiële dinge te sien nie. Hulle grootste betekenis lê immers op 'n heeltemal ander vlak: dit lê in idees, in begrippe, wat hulle voorgestaan en hierheen saamgebring het, en wat per slot van rekening van veel groter en blywender betekenis as die genoemde stoflike dinge is.

Die Hugenote was oortuigde voorstanders van die regte van die indiwidu, in Kerk en in Staat. Daarom is hulle, oral waar hulle hulle in die wêreld gaan vestig het, voorstanders van die demokrasie. Johannes Calvyn, grondlegger van die Calvinisme en geestelike vader van die Hugenote, het o.a. klem daarop gelê dat die indiwidu, by name ook die lekelid van die Kerk, self die Heilige Skrif moet lees, 'n standpunt wat in skerp teenstelling met die Rooms-Katolieke Kerk staan, wat leer dat die geestelike, die priester, die Heilige Skrif lees en bestudeer en aan die lekelid uitlê. Op die staatkundige terrein oorgedra, moes die Calvinistiese begrip die demokrasie voed en versterk. Daarom hoef dit ons nie te verwonder nie dat ons aan die Kaap al vroeg bv. een van die Hugenote, Jacques de Savoie, onder die Heemrade van Stellenbosch aantref, en dat die Hugenote ook hand aan hand stry, saam met die Nederlands-Afrikaanse koloniste, teen die dwinglandy van Willem Adriaan van der Stel.

Voorts was die Hugenote vurige voorstanders van die onderwys. Calvyn was veel meer as net kerkhervormer; hy was ook sosiale hervormer en staatkundige organisator. Hy het geleer dat die gereformeerde geloof deur goed-onderlegde leeraars aan 'n wel-opgevoede gemeente verkondig moet

word. Vandaar dat daar in die Hugenotestede in Frankryk soveel aandag aan die onderwys van die jeug bestee is; en vandaar ook dat die Hugenote in Suid-Afrika vrywel onmiddellik na hulle aankoms dieselfde eienskap geopenbaar het. Trouens, die Hugenote het nog in hulle tydelike skermpies op die Stellenbosse oop veld gesit, toe hulle al 'n versoek tot Simon van der Stel rig om 'n skool vir hulle kinders te hê. En hulle het ook nie gerus - al het die Kommandeur hulle van ondankbaarheid beskuldig - voordat hulle eie onderwyser, Paul Roux, voor sy klas gestaan het nie.

Die Hugenote was verder ook besliste kampvegters van wet en orde. Hier volg hulle weer op die spoor van Calvyn, veral as staatkundige reformator. Hierdie hervormer, wat ook bekend was as 'n regsgeleerde van formaat, het goed begryp dat daar in die Staat geen ware, gesonde vooruitgang kon wees indien wet en orde nie ooreenkomstig erkende Calvinistiese beginsels gehandhaaf word nie. Dit verklaar vir ons waarom die Calvinistiese Noordelike Nederlande in 'n jarelange, heldhaftige verset teen die Spaanse oorheersing gekom het; en dit verklaar ook weer, uit 'n ander hoek as wat pas genoem is, waarom die Hugenote aan die Kaap hulle - amper nog sterker as die Nederlands-Afrikaanse koloniste - teen die tirannie van W.A. van der Stel se bewind verset het.

Hier het ons m.i. 'n paar hoofaspekte van die groot betekenis van die Hugenote: hardwerkende mense met 'n begrip van, en liefde vir die demokrasie, die onderwys, en wet en orde.

Ons moet egter die juiste perspektief behou: Die Nederlands-Afrikaanse koloniste van die tyd was ook Calviniste, en hulle het ook hierdie beginsels gehandhaaf. Maar die Hugenote was, miskien ten gevolge van hulle voorafgaande ondervindinge in Europa, meer beslis en meer strydvaardig. Juis daarom was hulle so 'n positiewe toevoeging tot die bestaande koloniste-bevolking: hulle het die bestaande volksaard nog meer kom versterk, en hulle het 'n pioniersbevolking vir sy pionierstaak geestelik nog beter kom toerus.

As ons aan die Hugenote hulde bring, doen ons dit vanweë die

stoflike dinge waarvoor hulle verantwoordelik was, maar ons doen dit bowenal vanweë die idees, begrippe, geestelike waardes wat hulle saamgebring en hier kom uitleef het. Dat die blankes van Suid-Afrika in die harde lewe van ons subkontinent bewaar gebly het, dat hulle die demokrasie en die onderwys hier gedien en gevestig het, en dat hulle dikwels die bolwerk teen gaos gevorm het, - dít is die dinge waarvoor ons in hoë mate mense soos ons Hugenote-voorgeslag dank.

* * * * * * * * * * *